# DIT IS VOLBRING!

**Joh 19:25-30  GOEIE VRYDAG 2009**

*"Dit is volbring."* In die taal waarin Jesus dit gesê het, net een woord. 'n Enkele woord wat geweldig baie sê.

Jesus het 'n **unieke sending** gehad. Hy was van jongsaf bewus daarvan. Op twaalfjarige ouderdom vra Hy sy ouers: "*Het u nie geweet dat ek in die dinge van my Vader moet wees nie?"* (Luk 2:49 VV) Die King James Bybel vertaal dit met *"wist ye not that I must be about <u>my Father's business</u>?"*
In sy Hoëpriesterlike gebed kort voor sy dood, hoor ons Hom sê: *"Ek het U op die aarde verheerlik deur die werk te volbring <u>wat U My gegee het</u> om te doen."* (Joh 17:4)
Jesus het dus **goed geweet en onthou** dat Hy met 'n goddelike doel en opdrag en taak op aarde was. Hy was vasbeslote om aan daardie doel te beantwoord, om Sy roeping te vervul, om die taak uit te voer.
Ek kan **my voorstel** dat dit met 'n gevoel van groot tevredenheid was dat Jesus uiteindelik aan die kruis kon uitroep*: "Dit is volbring!"  "It is finished."* Dit was 'n **oorwinningskreet**. Dit laat my dink aan die prentjie van die marathon atleet wat by die wenpaal kom en sy arms in die lug gooi. Sy liggaamstaal sê: *"Ek het dit gemaak!"*
Die apostel Paulus het teen die einde van sy lewe getuig: *"Ek het die goeie wedloop afgelê; ek het die wenstreep bereik; ek het gelowig end-uit volgehou." (2 Tim 4:7)*
Kom ons gee aan **vyf dinge** aandag wat daardie dag tot voltooiing gekom het – vyf dinge wat van hierdie Vrydag GOEIE Vrydag maak.

1**<u>. Eerstens beteken dit dat al die profesieë met betrekking tot sy lewe en dood vervul is</u>**. Daar was byvoorbeeld Jesaja se profesie aangaande sy **geboorte**: *"Die Here sal daarom self vir julle 'n teken gee: 'n Jong vrou sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring en sy sal hom Immanuel noem."* (7:14) Daar was ook **Miga s'n**: *"Maar jy, Betlehem-Efrata, jy is klein onder die families in Juda, maar uit jou sal daar iemand kom wat aan My behoort en hy sal in Israel regeer."* Jesaja het die volgende oor sy **lyding** profeteer: (*lees 53:1-5*). **Jesus sel**f het ook gedurende die laaste ses maande van sy aardse lewe by verskillende geleenthede sy dissipels ingelig oor wat vir Hom voorlê: *"Van toe af het Jesus dit vir sy dissipels duidelik begin stel dat Hy Jerusalem toe moet gaan en baie moet ly onder die familiehoofde, die priesterhoofde en die skrifgeleerdes, en dat Hy doodgemaak moet word, en die derde dag uit die dood opgewek moet word."* (Matt 16:21)
Hierdie profesieë was nou vervul. Dit was "volbring".

**<u>2. Die woorde beteken dat Sy lyding nou uiteindelik verby was</u>**. Hierdie lyding het natuurlik **meer ingesluit** as die vorige aand en daardie dag s'n. Daar was die verwerping deur sy tuisdorp en sy familie; die misverstand deur selfs mense baie na aan Hom soos die dissipels; Satan se aanslae deur Judas en Petrus. Op 'n dag het Jesus Petrus mos aangespreek met die woorde: *"Moenie in my pad staan nie, Satan! Jy is vir My 'n struikelblok, want jy dink nie aan wat God wil hê nie, maar aan wat die mense wil hê."* (Matt 16:23) Lukas skryf: *"Die Satan het in Judas, wat Iskariot genoem is en een van die twaalf was, ingevaar. Hy het toe met die priesterhoofde en*

*die offisiere van die tempelwag gaan praat oor hoe hy Jesus in hulle hande kan laat kom."* (2:3,4)
Hy het ook gely onder die heilige God se regverdige straf oor sondaars. Hoewel Hyself geen sonde gehad het nie, het Hy dit in die plek van sondaars soos jy en ek gedra.
Sy lyding was nou volbring, afgehandel.

**3. Derdens was sy versoeningswerk afgehandel.** Ons is nie van die straf op sonde gered deur die merkwaardige **lewe** van Jesus nie. Ook nie deur sy onvergelykbare **leringe** wat Hy verkondig het nie. Ons ontvang ons redding van Jesus Christus danksy die feit dat Hy in ons plek **gesterf** het.
Gal 3:13 *"Christus het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring, deur in ons plek 'n vervloekte te word. Daar staan naamlik geskrywe: "Vervloek is elkeen wat aan 'n hout opgehang is."* Ons ontvang ook nie ons redding deur ONS goeie lewe of suiwer leerstellinge of enigiemand anders s'n nie – net deur die dood en opstanding van die Here Jesus Christus.

**4. Vierdens was Sy taak volbring, want die mag van die Bose is vernietig.** Die Bybel beskryf reeds vanaf die eerste bladsye **die stryd** tussen die magte van die lig en van die duisternis, van goed en kwaad. Die naam **Satan** beteken nie verniet *"teëstander"* nie. Hy is die slang in Genesis en die draak in Openbaring. Soos hy in die rolprent *"Passion of the Christ"* uitgebeeld word, is hy maar gedurig iewers op die agtergrond.
In **Hebr 2:14** word verkondig dat Jesus deur sy dood die een wat mag het oor die dood, nl die duiwel, *vernietig* het. Ja, die Bose is nog daar, maar hy is oorwin. Danksy Jesus en die krag van die Heilige Gees kan gelowiges hom ook oorwin. Jesus se opstanding het Satan se neerlaag bevestig.

**5. Laastens beteken Jesus se uitroep dat die kloof tussen die mens en God nou oorbrug is.** Nadat die eerste mensepaar in sonde geval het, is hulle uit die Tuin van Eden verdryf. Gerubs en 'n vlammende swaard het die ingange bewaak (Gen 3:24). Jesus het aan die kruis gesterf om dit wat skeiding maak tussen God en mens uit die weg te ruim. Nou is daar niks meer wat ons kan verhinder om in die *huidige lewe* gemeenskap met God te hê en om die *toekomstige* lewe in sy teenwoordigeid deur te bring nie.

SLOT
Ja, dit is volbring – maar teen **watter prys**! Tog was Jesus bereid om die prys te betaal. Hy het die lydensbeker tot die laaste druppel toe leeg gedrink. Ons kan en ons hoef **niks by te voeg** om gered te word as wat Hy reeds gedoen het nie. Hy het die volmaakte offer gebring. Ons hoef en moet dit net **glo en aanvaar**.
Dan sal ons **ook in staat wees** om in ons goddelike doel op aarde te slaag. *Ons roeping* is ook om God te verheerlik deur die taak wat Hy aan ons gegee het, te volbring.
Wanneer ons vandag **die nagmaal** gebruik, is dit 'n manier waarop ons getuig dat ons Jesus se offer glo en aanvaar. Dit is ook 'n manier waarop God ons versterk vir ons taak.
Mag ons dan ook aan die einde van ons lewe, ja, sommer aan die einde van elke dag, soos 'n Paulus kan getuig: *"Ek het die goeie wedloop afgelê; ek het die wenstreep bereik; ek het gelowig end-uit volgehou." (2 Tim 4:7)* Amen.